



# ONS LEER BREI

(Les 3)

## SOME EN RANDE




Soom met 'n aweregsry



Picotsoom



Vasgebreide soom



Buisvormige riffelsoom



Soom aan borand sonder afhegting




Met breinaalde



Met hekelpen



Patroon-en-randkombinasies



Aangebreide sakrande



'n Versteekte hoek

### SOME

'n Riffelboord word gewoonlik om die middel en aan die moue van 'n gebreide kledingstuk gebrei om dit af te rond, maar some rond 'n kledingstuk nog netjieser af. Dit is nie moeilik om 'n soom te brei nie.

Daar is meer as een manier om 'n soom te brei en so 'n soom kan selfs sierlik wees, soos die picotsoom. Ons verduidelik nou 'n soom gemerk met 'n aweregsry, 'n picotsoom, 'n soom wat vasgebrei, 'n buissoom en 'n soom in die boonste rand van 'n kledingstuk.

**Soom met 'n aweregsry:** Gaan só te werk

wanneer 'n soom in 'n koussteekkledingstuk of 'n kledingstuk met 'n fyn patroontjie gebrei moet word. Brei ongeveer 4-5 cm koussteek. Brei die volgende regtekantry **aweregs** met 'n naald wat een nommer dunner is as dié waarmee gebrei word. Brei daarna weer die gekose patroon en wanneer die trui voltooi is, kan die soom baie maklik by die aweregsry na die verkeerde kant omgeslaan en met dieselfde breigaring as wat vir die kledingstuk gebruik is, vasgewerk word.

**Picotsoom:** Brei ongeveer 3 cm koussteek en in die volgende regtekantry brei \* 2 steke

tesame regs, maak een steek\* tot einde van ry. In die daaropvolgende ry word die gemaakte steek aweregs gebrei. Wanneer die soom nou by die gaatjiesry na die verkeerde kant omgevou word, word 'n rand van puntjies gevorm wat lyk soos 'n picotrand. Vandaar die naam van die soom.

**Vasgebreide soom:** Brei soos die soom met 'n aweregsry en wanneer die breiwerk na die voulyn net so lank is soos voor die voulyn, tel die opstelsteke met 'n reserwenaald op en vou die soom by die voulyn na die verkeerde kant om sodat die naald met die opstelsteke agter en langsaan die naald

met die steke wat gebrei word, is. Brei nou weer verder op die gewone manier, maar steek die regternaald deur een steek op die voorste naald en een steek op die agterste naald en brei die twee steke saam af. Herhaal die proses oor die hele ry. So vorm daar 'n netjiese soom wat nie agterna vasgewerk hoef te word nie.

**Buisvormige riffelsoom:** Dis 'n baie mooi soom waardeur 'n rek geryg kan word indien nodig. Om dié soom te brei, het jy twee pare breinaalde nodig, die een paar effens dikker as die ander, verkieslik met punte aan albei kante. Stel die helfte van die benodigde aantal steke op. Brei vyf rye koussteek en begin met 'n aweregsry. Brei nou een ry regs met die dikker breinaald en daarna weer vyf rye koussteek wat met 'n aweregsry begin. Tel die opstelsteke met die dunner breinaald op soos vir die vasgebreide soom uiteengesit en plaas die twee breinaalde op dieselfde manier langs mekaar. Brei nou met die dikker breinaald 'n steek van die ander dik naald af, dit wil sê aan die voorkant van die werk. Brei daarna 'n aweregssteek van die dunner breinaald aan die agterkant af en hou so aan tot al die steke op een naald is. Die aantal steke het nou verdubbel. Brei nou voort in riffelsteek van een regs, een aweregs.

**Soom aan borand sonder afhegting:** Wanneer die hals van 'n trui of die boonste rand van 'n moulose bostuk of 'n romp se middel 'n soom moet kry, word 'n netjieser afwerking verkry deur nie af te heg nie, maar die laaste ry se steke met naald en garing vas te werk. Die manier van doen word maas genoem.

Vou die breiwerk met die steke nog op die breinaald na die verkeerde kant om sodat 'n soom gevorm word so breed soos verlang.

Steek nou 'n naald waardeur die breigaring waarmee gebrei is geryg is, deur die eerste steek en deur een lus van die steek daaronder en trek die garing vas. Werk so voort tot al die steke van die naald afgewerk is en die soom vas is.

**RANDE**

Nou gee ons 'n uiteensetting van die brei van randstroke soos vir die voorpantrande, halsrand of mousgatrande. Die steke vir die stroke kan met breinaalde of 'n hekelpen opgetel word.

**Met breinaalde:** Steek die punt van die breinaald van die regte kant van die breiwerk deur 'n lus van 'n randsteek waar met die randstrook begin moet word. Slaan die breigaring aan die verkeerde kant van die werk om die breinaald en trek die lus na die regte kant deur. Brei dan soos gewoonlik in die lus en die eerste steek is opgetel.

**Met hekelpen:** Steek die hekelpen deur die randsteek waar die patroon se aanwysings aandui, van die regte kant na die verkeerde kant. Slaan die breigaring om die hekelpen aan die verkeerde kant van die werk en trek die lus deur na die regte kant. Plaas dit op die breinaald wat regs van die hekelpen gehou moet word, en brei die lus gewoonweg. Die eerste steek is nou opgetel.

Afgesien van hoe die steke opgetel word, moet dit altyd versigtig gedoen word om 'n netjiese resultaat te verkry. Moenie sommer al die steke wat voorkom optel nie, want indien te veel steke opgetel word, sal die breiwerk plooieties vorm en die strook sal nie plat lê nie. 'n Goeie algemene reël is om elke tweede steek op te tel. Dit is ook beter om die steke met 'n naald sowat 'n halwe nommer dikker as dié waarmee die kle-

dingstuk gebrei is, op te tel om 'n netjieser resultaat te verkry.

Die patroon wat gebrei word, hang af van die patroon van die gebreide kledingstuk.

**HOEKE**


Wanneer 'n omranding om 'n sak gebrei word, of die halsstrook as deel van die breiwerk gebrei word en nie later aangebrey word nie, vorm daar hoeke in die breiwerk. Dié hoeke is baie maklik om te brei want dit word natuurlik gevorm omdat die syrande van die omranding 'n voortsetting van die onderste rand is.

Indien jy sonder 'n patroon so 'n omranding wil brei, gaan jy soos volg te werk: Die omranding moet oral ewe breed wees en om dit so te kry moet vooraf bereken word hoeveel steke aan weerskante gelaat moet word om die syrande so breed soos die onderste rand te kry. 'n Onderste rand van 11 rye sal byvoorbeeld gelyk staan aan 9 steke. Dit is altyd raadsaam om vooraf 'n toetslappie te brei om doodseker te maak. Vir 'n aaneengebreide omranding bly mos- reksteek die geskikste.

**'n Versteekte hoek:** Stel genoeg steke op om oor twee rande te pas. Merk die steek waar die hoek gevorm gaan word met 'n gekleurde breidraad. Brei koussteek en brei by die hoeksteek twee steke saam regs, dan een regs en daarna twee saam regs agter deur die lus. Aan die verkeerde kant van 'n koussteekrand word die hele ry aweregs gebrei, maar aan die verkeerde kant van 'n rekstreekrand word slegs die middelste steek, dit wil sê die hoeksteek, aweregs gebrei om 'n netjiese lyn aan die regte kant van die breiwerk te vorm.

**Velsorg onder die Afrikason**

Afrika se klimaat is kwaai op u vel. Beskerm uself met toenemende gewilde vita force VITA-E 1000 room met natuurlike kruiebestanddele en vitamien A en E. Dit bevat ook 'n effektiewe son-filter en bevochtiger. Dit het het baie ander eienskappe. Beproof dit en u sal verbaas wees oor die veelsydigheid daarvan. Verkrygbaar by alle apteke en gesondheidswinkels.




Die vitamienoase vir u vel

R Harwood Advertising 7009a

**SENSASIONELE STEUNSTUK gee u 'n PRAGTIGE VOL & FERME BUUSTELYN**



U buustelyn het 'n mooier en aantrekliker vorm met NUWE NO NO BRA — die wêreld se eerste volkome verborge NO SHOW BRA, sonder rug, sonder bandjies en sonder hakies. Nuwe NO NO BRA (van die V.S.A.) ondersteun, vorm en lig u buuste tot nuwe mates, gee u 'n groter, fermere, vollere buustelyn — met die mees betowerende klowing. NO NO BRA pas ferm en knus, is gemaklik en so sag soos sy en pas enige grootte.



DIT LYK OF U NIKS ANDERS DRA behalwe u geliefkoosde parfuum en hope lieflike kaal vel nie. U kan die mees gewaagde lae kloo/hals dra sonder dat u buustelyn verslap. NO NO BRA pas vandag se JONG, BRALOSE, PARMANTIGE style.

BEWONDERENDE BLIKKE sal bevestig dat 'n NO NO BRA die regte keuse is. Slegs R12,50 (koopbelasting, posgeld en diskrete verpakking ingesluit). BESTEL U NO NO BRA vandag en probeer dit tuis op ons risiko, volgens ons 14-dag-terugstuur- en -terugbetaalwaarborg.

Sny advertensie uit, meld bragrootte en kleur (32-38 in vleeskleur of swart), en pos met u naam, adres en poskode en Posorder/Kontant/Tjek (indien K.B.A. stuur R4,00 deposito) aan:

EURO-MAIL, Poebus 9731, Johannesburg, 2000. (1e Verdieping, Centre Point-gebou, Malboro, Sandton)

R/R 5/5/82

Parasetamol 200 mg, Fenielefrienhydrochloried 5 mg, Fenietoloksamiendehydrogeensitraat 12,5 mg, Chlorfeniramiën Maleaat 2 mg, Koffeïen 30 mg

**Haal vry asem binne sekondes met**

**decon**

Decon is 'n snelwerkende neusontstoppingsmiddel wat jou binne sekondes vry laat asemhaal.

Decon maak nie alleen toe neusgange oop nie. Dit beveg ook die simptome van verkoue, griep, hooikoors, sinusitus en loopneus.

Verkrygbaar as druppels, neusspuit en kapsules.

**Snelwerkende neusontstoppingsmiddel.**

